2020

Fontana

PLEK VAN LEWE - PLACE OF LIFE

# Vyfvoudige Bedieninge

# Inhoud

**Vyfvoudige Bedieninge**..... 2

Wat is die doel van die vyfvoudige bediening? ..... 2

1. **Apostel**..... 2

2. **Profeet** ..... 4

3. **Evangelis** ..... 5

4. **Herder**..... 7

5. **Leeraar** ..... 10

# Vyfvoudige Bedieninge

## Wat is die doel van die vyfvoudige bediening?

**Efe 4:11-13** En Hy het gegee sommige as (1) **apostels**, ander as (2)**profete**, ander as **(3)evangeliste**, ander as (4)**herders** en (5)**leraars**, ***om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;***

### 1. Apostel

**Definisie:**

Die bediening van die apostel besit besondere leierseienkappe wat hom is staat stel om ander so te beinvloed dat nuwe gemeentes gestig en op die been gebring kan word. Terselfdertyd kan hy algemene beheer oor 'n aantal gemeentes uitoefen met besondere geestelike outoriteit sodat hierdie gemeentes hom sportaan erken, waardeer en ondersteun.

*Hand 14:21-23 En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochíë, en die siele van die dissipels versterk en hulle vermaan om in die geloof te bly deur te sê: Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan. En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.*

**Eienskappe:**

U voel 'n sterk roeping van God om nuwe gemeentes te begin.
U het bevestiging hiervoor van God
U het bevestiging hiervoor van u plaaslike gemeente.
U sterk persoonlikeheidseienskappe stel u in staat om die werk van God selfs in ongewone omstandighede te vestig.
U het waarskynlik ander leierskap-gawes ook ontvang.
U kan nuwe onstandighede en 'n vreemde situasie onder hande neem.
U het 'n goeie begrip van die aard van die kerk se doel.
U persoonlikheid lok gewoonlik mense en hulle volg u.
U kan onderskei wat die will van God is en doen dit sonder vrees.

Die drang in u om mense wat nie bereik is met die evangelie nie, te bereik vir God en `n gemeente te stig.

**Ontwikkeling van hierdie bediening:**

Verkry 'n duidelike begrip van die aard, doel funksies en groeiprosesse van die kerk. Om dit te bereik kan u formele of informele Bybelstudiekursus doen, uself met 'n persoon assosieer wat tans deur God gebruik word in kerkvernuwing, en tyd deurbring met broeders wat soos u voel om positief gedagtes uit te ruil.

Wees 'n Bybelstudent, maar konsentreer op die pastorale sendbriewe, die gemeentelike sendbreiwe, die leierskaps-gedeeltes en die Handelinge van die apostels.

Doen 'n spesiaale studie oor die vereistes vir 'n ouderling en pas hierdie beginsells in u lewe toe.

Ontwikkel u denke in die beplanning van strategie en prioriteite, en wees sensitief vir die Heilige Gees se leiding in die toepasing daarvan. Bestudeer die herlewings in die kerkgeskiedenis vir beginsels wat toegepas kan word. Bestudeer die belangrikste bewegings in die laaste 30 jaar: Kerkgroei, versadigingsevangeliesasie, teologiese opleiding deur afstandsonderig, kerkvernuwing, lidmaatbetrokkenheid, ens…

Lees wyd: Boeke oor kerkgroei, persoonlike vernuwing, sendingbiografieë, toegepaste antropologie en sosiologie.

Doen ondervinding op saam met diegene wat by die bediening van apostelskap betrokke is. Vra God om vir u 'n weg te open. Vra 'n suksesvolle kerkplanter om u in sy bediening vir 'n opleiding tydperk op te neem.

Die Apostel bediening is nog vandag belangrik vir die uitbreiding van die Koninkryk van God net soos in die tyd van die Bybel, Die Apostels was:

Barnabas & Paulus; Hand.14:14
Jakobus Jesus se broer; Gal.1:19
Andronicus en Junias; Rom.16:7
Silvanus en Timotheus; 1Thess.1:11; 2:6
Apollos; 1Kor.8:23
Twee onbekendes; 2Kor.8:23
Epafroditus; Fil.2:25

**Skrif verwysings:**

Jesus is 'n Apostel; Heb.3:1
Die woord "Apostolos beteken" beteken om uit te stuur; Joh.21:21 & Hand.13:2-4
Die kentekens van 'n Apostel; 2Kor.12:12
Om as 'n Apostel te kwalifiseer moet u 'n persoolike ondervinding met die Here hê; 1Kor.9:1
Die taak van die Apostel; 1Kor.3:10 & Efe.2:19-20
Die Apostel leer en bou gemeentes; Hand.19

## 2. Profeet

**Definisie:**

Die bediening van 'n profeet bestaan uit die vermoë om waarhede wat van God ontvang is, oor te dra, sodat dit gelowiges stig, bemoedig en vertroos, terwyl dit ongelowiges van die werklikheid van God oortuig. Hierdie waarhede kan van 'n voorspellende sowel as van 'n verduidelikende aard wees.

**Hand. 15:32** En Judas en Silas, wat self ook profete was, het die broeders met baie woorde bemoedig en versterk.

**1Kor. 14:24-25** Maar as almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n onkundige binnekom, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is.

**1Kor. 14:1-5** Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer. Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede. Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging. Hy wat in 'n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente. Ek wens dat julle almal in tale spreek, maar nog liewer dat julle profeteer. Want hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale spreek, of hy moet dit uitlê, sodat die gemeente stigting kan ontvang.

**Eienskappe**:

1. U is geensins bang om 'n sterk stanpunt in die openbaar in te neem nie.
2. U sien die behoefte van 'n groep maklik raak en is bereid om 'n Skriftuurlike standpunt oor die nodige aksie in te naam.
3. Wanneer u in die openbaar praat, word mense oortuig van die waarheid.
4. U is oortuigend in 'n antwoord wat u gee.
5. U het 'n sterk persoonlikheid.

**Ontwikkeling van die bediening:**

1. Werk daaraan om 'n omvattende begrip en oorsig van die hele Bybel te kry.
2. Wei die grootste deel van u studietyd om voorspellende profetiese gedeeltes te bemeester. Bemeester ook die hermeneutiese beginsels van profesie, simbole, figuurlike en poëtiese taal, aangesien die meeste literatuur oor voorspelling dit gebruik.
3. Wees baie konsekwent in die toepassing van die Skrifwaarhede in u eie lewe.
4. Ontwikkel vermanings vaardighede.
5. Bly op hoogte van wêreldnuus, veral sover dit in verband staan met profesie. Hou ontwikkeling in verskillende kerke dop. Probeer om die verband tussen die feite en die doel van God met die wêreld vas te stel.
6. Ontwikkel u vaardighede om effektief met groot gehore te kan kommunikeer.
7. Wees veral ingestel op krisis-situasies. God sal 'n antwoord gee vir hierdie situasie in die kerk.

**Vir verdere studie verwys na:**

1. Profeet; Efes. 3:5; 2Pet.1:20-21; Hand.13:1
2. Valse Profete; Matt. 24: 11-24; 2Pet.2:1-3; 1Joh. 4:1-3; Deut.13:1-5; Matt. 7:15-20; Mark.13:22.
3. Hoe word ware en valse profete onderskei; Deut.18:18-22
4. Wat doen profete; Eks. 7:1-2

## 3. Evangelis

**Definisie:**

Die persoon met hierdie bediening besit die vermoë om die evangelie in die openbaar sowel as in privaatheid te verkondig sodat mense Christus kan aanneem as hul Verlosser.
Die woord "evangelis" kom slegs drie keer voor in die Nuwe-Testament: Hand.21:7; Efe.4:11 & 2 Tim.4:5. Die woord "evangelis" in Grieks is:

"euaggelistes" Die uitspraak is: "Yoo-aus-ghel-is-tace" wat beteken: "een wat die goeie boodskap bring."

Filippus wat eers 'n helper in die gemeente was het hom later aan die verkondiging van die evangelie toe gewy. Hand.6:1-6; Hand.8

Hand. 5:42 *"En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die temple en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie."*

**Eienskappe:**

1. U praat maklik voor groepe en voer ewe maklik gespreke met enkelinge.
2. U het die vermoë om mense te oortuig en te beinvloed.
3. U is diep bewus van die verlore toestand van mense wat nie vir Christus ken nie en u is bekommerd oor hulle ewige bestemmimg sonder God.
4. U maak maklik 'n geleentheid om in 'n gewone gesprek oor geestelike waarhede te begin praat en te bespreek.
5. U praat maklik en met vreugde oor Christelike sake.
6. Ongeredde mense neem dikwels 'n besluit vir Christus as 'n direkte of indirekte gevolg van u invloed op hulle.
7. U bid dikwels en spesifiek by name vir ongredde enkelinge asook vir groepe mense.
8. U maak maklik vriende.

**Ontwikkeling van hierdie bediening**

1. U moet duidelikheid hê oor die beginsels van saligheid. Bestudeer in die verband die gedeeltes in Handelinge waar mense met die evangelie gekonfronteer word.
2. Begin in die praktyk by die eerste stadium van evangeliesasie, nl. gebedsevangeliesasie en beweeg dan in die volgende na vrienskapsevangelisasie, konfrontasie-evangelisasie en openbare evangelisasie. Sluit aan by 'n groep in u gemeente wat in evangeliesasie belangstel en ontdek die plek waar u 'n betekenisvolle bydra vir evangelisasie in die groep kan lewer.
3. Maak gebruik van opleidingsprogramme, bv. Bybelskool, kursuse in evangelisasie, boeke ens…
4. Skakel in by evanglieasie-span of `n evangelis sodat u eersterhanse ondervinding kan opdoen. Leer om self die evangelie prakties te verkondig.
5. Wy heelwat oordenking aan die Evangelie van Lukas (sowel as ander Evangelies) Lees boeke wat u sal help om 'n besorgheid vir mense te kweek.

**Vir verdere studie lees:**

Hand.5:62; Hand.11:20; Hand.15:35; Gal.1:8,16,23; 1Pet.1:25; Hand.16:10; Efes.2:17; Hand.10:36; Hand 14:15,21; Rom.10:15; Efes.3:8-9; 1Tim4:6-16 & 2Tim.3, 4:1-5

## 4. Herder

**Definisie:**

Iemand met 'n pastorale of herders bediening besit die vermoë om die groep wat aan hom toevertrou is te lei. Hy neem persoonlike langtermyn verantwoordelikheid vir hulle geestelike welvaart deur besluite vir hulle te neem. Hy beskerm beskerm teen dwaling en deur self 'n voorbeeld van die gesindheid van Christus te stel om sodoende die groep tot volwassenheid in Christus te kan bring. Net soos 'n herder beskerm en lei hy hulle en versorg hy hulle, hy spoor die verdwaaldes op en bring hulle weer terug by die groep.
Die woord "Herder" kom van die Griekse woord "Poimen" Dit beteken om skape op te pas. Ps.23

Jesus wat ons Opperherder is het vir die mense met hierdie bediening 'n voorbeeld nagelaat in: Joh.10:11; 1 Pet. 2:25; 1Pet.5:4 & Heb.13:20,21

**Eienskappe:**

1 Mense kyk gewoonlik na 'n herder vir leiding
2 Mense voel dat die herder bekend in met die kerk
3 Die herder is gewoonlik in 'n leiers posisie.
4 Die herder kan orde en dissipline handhaaf.
5 Die herder sien maklik probleme in die groep raak en neem die verandwoordelikheid vir die oplossing daarvan
5 Die herder bevorder geestelike groei, en lei mense tot dat Christus se beeld in hulle gevorm is.
7 Mense beskou 'n herder as 'n leier.
8 Die herder beinvloed mense sodat hulle lojaal is teenoor sy denkwyse en dade.

**Ontwikkeling van hierdie bediening**

1 Om hierdie bediening ten volle te ontwikkel in die baie belangrik dat u aan die volgende moet aandag gee:
2 Bybel kennis – U moet getroue Bybel student wees, om dit wat die Bybel leer toe te pas in u eie lewe en ook om die kennis te gebruik om mense te help met

die oplossing van hulle probleme.
3 Behalwe Bybel kennis moet U ook beradings kursuse volg asook navorsing doen oor verskillende rampe wat mense tref..
4 Die herder moet ook kennis dra van verskillende gelowe.
5 Die herder moet ook leierskap kursuse volg.
6 Die belangrikste eienskap wat ontwikkel moet word is om die potensiaal in mense te sien al skryf gewone mense hulle af
7 Studie in menslike behoeftes soos; huweliks berading, Trauma, Deperssie, Spanning, sieke sorg en algemene hulp en leiding.

**Take van 'n Herder:**

1 Hy sal vooruit beweeg en die mense sal hom volg, soos die herder in Israel voor die skape uit beweeg om hulle te lei (voorbeeld stel) Hand.24:16
2 Hy sal omsien na die behoeftes van sy mense
3 Hy sal gereeld vir leiding bid en Jesus se wil soek in elke besluit wat hy neem soos Jesus in die wil van Sy Vader beweeg het. Joh.5:19
4 Hy moet sorg dat nie een verlore gaan nie. Joh.15:39, Joh.17
5 Hy moet sy lewe aflê vir sy mense Joh.10:15-18
6 Hy sal by sy skape bly en hulle leer en versoeg. Joh.10:1-21

**Die prediker**

Dit maak nie saak of u by 'n huisdiens 'n kort boodskap bring, en of u met die hoofdiens, en of u vir 'n groot groep mense by 'n konferensie preek nie. By elke geleentheid is u 'n prediker en rus volle verantwoordelikheid op u. Dan tree u op as die boodskap draer van God.
Dit is die verantwoordelikheid van 'n prediker om die boodskap van die Here te kry en dit dan aan die gehoor oor te dra, die verantwoordelikheid is vanselfsprekend groot. Dit mag nie 'n boodskap van eie opinie oor 'n betrokke Bybelversie wees nie of oor u siening van 'n sekere saak nie. Dit moet wees wat die Here God daarvan sê. Die verantwoordelikheid van 'n prediker is eerstens om die boodskap van die Here te kry en dan om dit afte lewer onder salwing en leiding van die Heilige Gees. Onthou u is slegs die kanaal waardeur God werk.

2Kor.2:17 "Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie; maar as uit opregtheid, maar as uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus"

Met handeldryf is die motief altyd persoonlike voordeel en wins. Vir die prediker van die evangelie van Christus Jesus behoort so iets nie te bestaan nie.

Die motief van die hart is nooit om guns of voordeel te verkry nie. Die motief is om myself absoluut tot beskiking van die Heilige Gees te stel sodat Hy die Goddelike doel met die boodskap kan bereik of om die wil van God aan die hoorder oor te dra.

Maar as uit opregtheid… Paulus sê in Hand.24:16 "Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê"

Om opreg voor die Here te wees – dit is om eerlik , eg te wees. Die prediker se motief moet so wees dat die Here sy seël van goedkeuring op die prediker se bediening kan plaas. Hier word Dawid se gebed van toepassing op elke persoon, wie ook al, wat 'n boodskap aan 'n gehoor moet oordra. Ps.139:23,24: "Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!" Ps. 19:15 "Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig"

Die boodskap kom van die Here God! Dit is wat Hy wil hê die prediker moet aan die gehoor sê 1 Pet. 4:11 "As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag van God!"

By die susterbiduur, jeugdiens of sondagdiens – "Prediker, laat dit wees soos woorde van God"!!

Die suiwer, onafgewaterde Woord van God, die woord gestuur uit die hart van God oorgerdra deur die prediker aan die gehoor.

Die Here God is alomteenwoordig. Daar in die byeenkoms waar u as prediker moet optree, is God teenwoordig. Hy het die boodskap aan u gegee, nou is Hy daar om te luister hoe u dit gaan oordra. Stel u voor hoe dat die Here persoomlik daar sit en na u luister; Hy is daar om die boodskap te bevestig en deur die boodskap met elke hoorder te praat.

Die verantwoordelikheid van die prediker word opgesom in die woorde van Paulus soos vervat in 1Thess.2:4 "Maar soos ons deur God waardig geag is dat die Evangelie aan ons toevertrou sou word, so spreek ons, nie om mense te behaag nie, maar God wat ons harte beproef.

Wanneer u eendag voor die regterstoel van Christus staan en rekenskap moet gee van elkewoord wat u tot 'n gehoor gerig het, mag Hy dan ook aan u sê soos Hy in Matt.25:21 gesê het: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was

jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in vreude van jou Heer" 1Pet.5:2-4; Heb.13:1-7; Hand.20:28; Efes. 4:11-14; 1Tim.3 & 4 ens.

## 5. Leeraar

**Definisie:**

Iemand met hierdie bediening het die bekwaamheid om te onderig, te verduidelik en om Bybelse waarhede so te openbaar dat mense dit kan verstaan en die waarhede in hulle lewens kan toepas. Die persoon moet `n begeerte hê om meer te leer en moet `n ywerigge Bybel student wees. 1 Kor.14:26 & Kol.1:28

**Eienskappe:**

1. Op grond van u verduideliking van Bybelse waarhede sal mense die waarheid verstaan.
2. In u binneste sal 'n sterk drang wees om waarhede te verstaan. U sal ook maniere soek om die waarheid aan ander oor te dra.
3. U sal uself kan dissiplineer om die Woord van God intens en dikwels te bestudeer.
4. U sal vind dat u baie begaan is oor die werklike betekenis van Skrifgedeeltes en u is nie tevrede met onduidelike verklarings nie (deur uself of ander)
5. U sal gedurig u metodes van onderig verbeter om die leerproses in ander te bevorder.
6. Vanweë u hulp en Bybelse verklarings en verduidelikings sal u sien hoedat mense wat na u luister meer soos Christus word in hulle optredes en gedagtes.
7. Mense sal God al hoe dieper leer ken deur u bekwaamheid om Bybelse waathede in terme van die hedendaagse situasies, prakties te verduidelik.

**Waarhede oor leraars:**

1. Die belangrikheid van 'n leraar in die gemeente. 1Kor.14:26; Kol.1:28; 2Tim.4:2
2. Die leraar bediening kan ook soos volg saamwerk::
3. a. Herder & Leraar; Profeet & Leraar; Evangelis & Leraar

**Voorbeelde hiervan:**

Barnabas was 'n profeet en leraar Hand.11:22-26, Hand.18:27
Paulus was 'n profeet en leraar.
En altwee het apostels geword! 1Kor.3:6-9

**Waarskuwing:**

Weens 'n leermeester se invloed wat hy uitoefen, sal hy strenger beoordeel word:
Jak.3:1 "My broeders julle moenie almal leermeesters wil wees nie, julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as die ander beoordeel sal word."

**Ontwikkeling van hierdie bediening:**

1. Maak seker u het 'n grondliggende begrip van die beginsels van Skrifuitleg om u te lei in die bestudering van die Bybel.
2. Begin met 'n sistematiese program om die Bybel te bemeester en hou in gedagte dat u te alle tye die waarheid soek.
3. Maak dit 'n prioriteit om enige nuwe waarheid wat u in die Skrif leer in u eie lewe toe te pas.
4. Bemeester sistematies die beginsels van kommunikasie en die verskillende metodes in die toepassing daarvan.
5. Wees leergerig in u onderrigmetodes en benadering.
6. Moderiseer u aanbiedingsmateriaal voordurend en verbeter dit.
7. Wees gemotiveerd in die toepassing van vindingryke tegnieke om suksesvol te kan kommunikeer.
8. Waar enigsens moontlik, bestee soveel tyd moontlik saam met 'n suksesvolle leermeester en leer van hom wat u moontlik kan.
9. Gebruik u bediening so dikwels moontlik in die plaaslike gemeente asook in die breë kerk.
10. Belangrike taak van 'n leraar is opgeteken is Efe.4:12-14